DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – AUGUSTUS 2008

Vrydag 1 Augustus 2008

***90 Dae van Seën*: Berou oor ongeregtigheid en verbreekte verbonde**

Almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus, ons erken U grootheid. U is die Rots, U werk is volmaak; alles wat U doen, is regverdig. U is die getroue God, sonder onreg (**Deut.32:3,4**). U troon is gebou op geregtigheid en reg; liefde en trou staan in U diens (**Ps.89:15**). U laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee; U het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere (**Deut.10:18**). U het aan ons bekend gemaak wat goed is; U vra van ons dat ons reg sal laat geskied, dat ons liefde en trou sal bewys en dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (**Miga 6:8**).

Regter oor die hele aarde, ons kom pleit vir genade en ontferming vir ons samelewing en ons land. Geregtigheid is ver van ons af. Ons struikel en val, want ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes: die oortreding en die geveinsdheid teenoor die Here, die ontrou teenoor ons God, die beplanning van onderdrukking, die verdraaiing van die reg, die uitdink en verspreiding van leuens. Die reg het van die toneel verdwyn, geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar onreg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie (**Jes.59:9-15**). Die aarde treur en is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het Sy vaste verbond verbreek; daarom sal 'n vloek die aarde verteer (**Jes.24:3-6**). Ons bou ons huise met onreg, en laat mense sonder betaling werk (**Jer.22:13**). Baie van ons stede is gebou met onreg (**Hab.2:12**). Ons maak wette wat kwaad bevorder en mense laat ly; ons verdraai die reg van die armes, ons ontsê hulle hul regte, ons buit weduwees uit en plunder weeskinders (**Jes.10:2**). Ons het berou; ons vra om vergifnis, ons draai terug na U toe. Vervul ons harte met waarheid en geregtigheid en maak ons land gesond. Ons vra dit in die Naam van Jesus.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina: *808 China Blessing*

Die *808 China Blessing* is 'n wêreldwye inisiatief om 'n miljard Christene regoor die wêreld te verenig om op die aand van 08-08-2008 om 8 minute oor 8 vir Sjina te bid. Gebedswenke wat jou kan help om jou gebede op die spesifieke behoeftes in Sjina te fokus, sal vir elke maand in die aanloop tot 8 Augustus op die *808 China Blessing* webruimte – www.808chinablessing.org – beskikbaar wees. Terwyl ons steeds hiervoor bid, dank ons God ook vir Sy getrouheid wat blyk uit die nuwe verwikkelinge wat ons op die oomblik in Sjina sien plaasvind. Moedig asseblief jou vriende aan en nooi hulle uit om saam te bid.

Saterdag 2 Augustus 2008

Pray 40 Africa

Die onlangse *Pray 40 Africa* wat in Februarie in Pretoria gehou is, was 'n wonderlike tyd van 40 uur van gebed vir die nasies regoor die wêreld wat nog die minste bereik is! Afgevaardigdes van Suid-Afrika, Malawi, Zambië, Senegal, Kameroen, Swaziland, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Ghana, Indië, die Filippyne, Kanada, Soedan, Rusland, Argentinië, Indonesië, Turkye, Maleisië, Ierland, die Verenigde Koninkryk, Zimbabwe en die Sentraal-Afrikaanse Republiek het deelgeneem. Die byeenkomste het gefokus op vennootskappe wat deur Bybelse beginsels geïnspireer is of deur Gelowiges wat in gebed verenig is, om so gemeenskaplike oogmerke in God se koninkryk te bereik. Hulle het twee nag-lange gebedswake van twaalf uur elk gehou, met twaalf uur tussenin wat toegespits was op 'n oorsig en viering van dit wat God besig is om in elk van hierdie 12 wêrelddele te doen, en om saam te bid vir die mins bereikte nasies in elk van hierdie streke. (*Global Christian Network Inc*. Webruimte: www.gcni.org, e-pos: asianrd@sr21.com). Dank die Here vir die mense van al hierdie lande wat aan hierdie ontsagwekkende gebedstaak deelgeneem het om tot God te roep dat sy koninkryk moet kom. Bid vir hierdie mense om soortgelyke geleenthede in hulle eie lande te organiseer, om sodoende meer Gelowiges te betrek om in vurige gebed lof aan God te bring.

***Jaar van die Bybel*: Hongarye**

Hongarye vier 2008 as die *Jaar van die Bybel*. Bid vir die werk van *Wycliffe* in Hongarye waar hulle aktief maniere soek om die Bybel en Bybelvertaling regdeur die jaar saam met ander evangeliebedienings, soos die *Hungarian Bible Society* en *Operation Mobilization Hungary* te bevorder. Bid ook vir mense wat dit oorweeg om by 'n bediening by *Wycliffe* in Hongarye aan te sluit. (*Wycliffe Prayer Focus Bulletin*, 11/02/08. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: jan_crowell@wycliffe.net).

Sondag 3 Augustus 2008

Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag in jou lewe kan gebeur

Handelinge 24: Hy vestig jou ewige hoop in God

Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan. Daarom doen ek ook my uiterste bes om altyd 'n skoon gewete voor God en die mense te hê (**Hand.24:15-16**). Sommige mense redeneer en sê: Wat as daar nie 'n God en lewe na die dood is nie? Dan het jy jou hele lewe verspil sonder om dit ten volle te geniet. Die teenoorgestelde vraag is egter: Wat as daar 'n God en lewe na die dood is? Die opstanding uit die dood word dikwels in ons kerke verkondig. Glo ek en jy dit egter werklik self in ons diepste wese? Is dit vir jou as volgeling van Jesus 'n ware werklikheid? Soms is dit belangrik om vir 'n oomblik stil te staan en oor die dood te dink. So ook oor lewe na die dood. As ons nie aan die ewige lewe glo nie, het ons lewens geen ware doel of betekenis behalwe om dit na die beste van ons vermoë te lewe totdat dit eindig nie. Hierdie geloof gee aanstoot aan die menslike verstand. Dit is duidelik dat ons nie werklik in beheer van óf lewe óf dood is nie, of ons nou in lewe na die dood glo of nie! Presies hierdie wete – lewe na die dood - was egter Paulus se hoop. Ons het mans en vroue nodig wat vurig vir die bedoelings van God se koninkryk sal leef, omdat hulle God en Sy Woord glo en seker is dat daar lewe na die dood is, mense wat besef dat elke daad bydra tot die boek van hulle en ander se lewens en hulle ewige beloning.

Vader, ek vra hierdie week dat U deur U Heilige Gees 'n hernieude persoonlike oortuiging van die ewige lewe in my hart sal laat herleef en groei. Laat leef in my dieselfde hoop as wat Paulus gehad het. Laat my hier en nou vir U koninkryk leef met die wete dat ek die ewigheid saam met U gaan deurbring.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid asseblief vir almal wat besig is om voor te berei vir evangelisasie-uitreike en ander inisiatiewe tydens die *Olimpiese Spele* in Sjina in die volgende week. Roep dringend tot God dat Sjina sy beperkings met betrekking tot dit wat die land binnekom ten opsigte van Bybels en Christelike lektuur sal verslap. Vra dat hierdie *Olimpiese Spele* 'n beduidende ommeswaai in die vervolging van Christene in Sjina tot gevolg sal hê.

Maandag 4 Augustus 2008

Valcare Trust

Valcare Trust is 'n Christelike nie-winsgewende organisasie wat ten doel het om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle funksie is om as inligtings- en netwerkorganisasie op te tree wat hulle dienste aan kerke, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers lewer. Dank God vir elkeen wat gewillig is om deur middel van projekte uit te reik om die fisiese omstandighede van die mense in die omgewing te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit baie vrug sal afwerp. (*Valcare Trust*, Louiestraat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Kinderbediening in die Filippyne

Dank God vir die werk van *LAMA Ministries*, wat 'n woonhuis vir seuns in nood in die Filippyne bedryf. Bid dat hulle geskikte kandidate sal kry vir 'n Christelike maatskaplike werker en 'n sielkundige om op praktiese wyse met die werk te help. Bid dat God werk vir die jong manne sal voorsien asook 'n plek waar hulle kan bly as hulle ouer word en die huis moet verlaat. (*Viva Network*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: cbaker@viva.org).

Dinsdag 5 Augustus 2008

***Highway Ministry* Gebedspatrollie**

Highway Ministry is 'n interkerklike bediening wat op die vragvoertuigbedryf gemik is. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n missie om die Woord te verkondig en die liefde van Jesus Christus te vestig in die harte van almal wat by hierdie bedryf betrokke is. Bid dat hierdie inisiatief deeglik gevestig en goed ondersteun sal word. Vra dat dit 'n instrument sal word waardeur ware transformasie in die harte en gedagtes van Suid-Afrikaanse padgebruikers sal plaasvind. Bid dat dit gunstig deur ander rolspelers ontvang sal word. (Die organisasie poog om by bestaande programme soos *Arrive Alive* aansluiting te vind en dit te versterk.) (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996 of e-pos: highwaymin@lantic.net).

Far East Broadcasting Association (FEBA) Suid-Afrika

FEBA Suid-Afrika gaan in 2008 voort om steun vir die *International Far East Broadcasting Ministry* te werf, maar plaas terselfdertyd sterk klem op 'n plaaslike bediening wat beplan word, sowel as op projekte in sub-Sahara-Afrika. (*FEBA Radio*

SA, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708/5764, faks: 012 335 8134. Webruimte: www.febaradio.co.za, of e-pos: febasa@corpdial.co.za). Dank God vir die groei en guns wat op hierdie bediening rus. Bid dat hulle die nodige steun vir beide die internasionale en die plaaslike bediening van *FEBA* sal kry. Vra ook vir die beskerming van al die personeellede en hulle gesinne.

Woensdag 6 Augustus 2008

Nasionale gebedsfokus op Sjina

Daar is slegs twee dae oor voor die opening van die 2008 *Olimpiese Spele* in Sjina. Daar word gesê dat 1 uit elke 5 mense in die wêreld 'n Chinees is. Hoewel daar miljoene Christene in Sjina is, is daar nog meer miljoene wat nie deur die evangelie aangeraak is nie. (Dink net, as elke Sjinees hom tot Christus sou bekeer, sou dit beteken dat 20% van die wêreld se bevolking Jesus sou volg!) Dink daaraan om vir die volgende drie weke tyd in gebed en vas deur te bring met die oog op deurbrake vir die evangelie in hierdie nasie, hetsy as individu of as 'n selgroep in jou kerk. Vra God om die harte van talle regeringsamptenare aan te raak, dat hulle spesiale geleenthede sal skep om die evangelie te laat verkondig en dat hierdie nasie binne hierdie generasie vir Jesus Christus sal begin volg.

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Eritrea

Eritrea neem tans die sewende plek in as 'n land wat Christene vervolg. Die situasie vir Christene het drasties versleg nadat die Eritrese regering evangeliese kerke in 2002 verban het. Die regering het plekke van aanbidding gesluit, eiendomme gekonfiskeer en vernietig en baie Christene gevange geneem en gemartel. Daar is tans na raming meer as 2 000 Christene in tronke en militêre kampe. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Bid vir hierdie Christene in gevangenskap, dat hulle getuienis ook die harte van ander gevangenes sal verander om Christus te volg. Vra dat hulle gesondheid nie sal verswak nie, sodat hulle moedig sal bly en nooit sal ophou om in Jesus te glo nie. Bid ook vir hulle gesinne en veral vir finansiële versorging.

Donderdag 7 Augustus 2008

***BUSA* doen 'n oproep vir die beëindiging van armoede**

Business Unity SA (BUSA) het die regering aangeraai om volgehoue aandag te skenk aan vaardigheidsontwikkeling en armoedeverligting. Daar is steeds die kern-uitdagings met betrekking tot werkskepping, infrastruktuur, vaardigheidsontwikkeling en armoedeverligting wat verhoogde toewyding gaan verg. (*Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa* (*AsgiSA*). Webruimte: http://business.iafrica.com/news/876721.htm). Dank die Here vir instansies soos hierdie wat die regering adviseer oor hoe om die land te regeer. Bid asseblief vir hierdie spesifieke saak, dat mense op die regte wyse gebruik sal maak van geleenthede om hulle vaardighede by die werkplek te ontwikkel.

Bid vir glanspersone wat God nodig het

Britney Spears is 'n jong sangeres wat baie aanhangers onder jongmense het. Hierdie jong vrou se lewe het die afgelope twee jaar heeltemal buite beheer geraak. Haar klein kindertjies ly ook as gevolg van haar huidige situasie. Kom ons bid vir haar en baie ander in soortgelyke situasies: Hemelse Vader, ek dra Britney Spears en al die ander bekendes wat U werklik nodig het, in gebed aan U op. Ek vra dat U kragtig in hulle lewens sal werk, hulle tot ware berou sal bring en dat hulle U Seun as hulle Here en Verlosser sal aanneem. Ek bid vir hierdie jong vroue wat skynbaar soveel seer het en verward en geestelik verlore is. Praat met hulle deur U Gees, maak hulle honger vir U Woord en om Jesus te vind, Hy wat die Weg, die Waarheid en die Lig is. U Woord leer ons dat niemand na die Vader toe kom behalwe deur Jesus nie. Help al hierdie mense om te besef dat dit vir hulle ook waar is. In die Naam van Jesus, amen.

Vrydag 8 Augustus 2008

***90 Dae van Seën*: Berou oor onsedelikheid**

Here God, ons het die land verontreinig met egskeiding, met afskuwelike seksuele praktyke soos homoseksualiteit, bloedskande, ontug en prostitusie (**Jer.3:1-3; Rom.1:26,27; Lev.18:23**). Ons bely dat ons generasie vervul is met ongeregtigheid, onsedelikheid, boosheid, afgunstigheid en kwaadwilligheid, vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Ons skinder en praat kwaad; ons haat God, ons is hooghartig, aanmatigend, verwaand; ons is mense wat kwaad uitdink, ons is ongehoorsaam aan ons ouers; ons is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos en hardvogtig (**Rom.1:29,30**). Ons bely dat ons selfs in die kerk ons liggame met seksuele losbandigheid besoedel het en sodoende ook die tempel van die Heilige Gees (**1 Kor.6.18-20**).

As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan? Maar by U ís daar vergifnis: daarom word U steeds gedien (**Ps.130:3,4**). Maar U, Here ons God, bewys barmhartigheid en U vergewe, al was ons opstandig teen U (**Dan.9:9**). Ons verootmoedig ons voor U en vra dat U ons sal lei en ons U weë sal leer (**Ps.25:9**). Help ons om ons nie deur ons sondige begeertes te laat beheers nie, maar om die sondige praktyke deur U Gees dood te maak (**Rom.8:13**). Ons wil dat ons lewens steeds deur die Gees van God beheers sal word, sodat ons nooit sal swig voor die begeertes van ons sondige natuur nie (**Gal.5:16-26**). Help ons om ons altyd onberispelik te gedra onder die ongelowiges sodat hulle U goeie werke kan sien en U sal verheerlik (**1 Pet.2:11-12**). Help ons om ons gedagtes te rig op die dinge van die Gees sodat ons U kan behaag (**Rom.8:5-8**). Ons pleit dat U ons sal verander deur ons denke deur U Woord te vernuwe, sodat ons nie aan hierdie wêreld gelykvormig sal word nie, maar sal kan onderskei wat die wil van God is, dit wat vir U goed en aanneemlik en volmaak is (**Rom.12:2**).

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Ons gaan vir die duur van die *Olimpiese Spele* 'n tweeledige gebedsfokus op Sjina hê. Ons gaan eerstens bid vir guns vir die evangelie onder die nasies van die wêreld wat Sjina gaan besoek. Tweedens sal ons fokus op 'n aspek rakende die evangelie in die kerk en onder die mense van Sjina. Oorweeg dit om te bid en te vas en God te vra vir baie geestelike deurbrake in sowel Sjina as onder die nasies van die wêreld in hierdie tyd.

Bid vir die *Olimpiese Spele* wat vandag in Beijing, Sjina, begin. Vra dat God vereer en verheerlik sal word. Bid vir die fisiese en geestelike veiligheid van Christengroepe en -individue wat die geleentheid het om die evangelie aan honderde mense te bring. Vra vir die beskerming van al die atlete en toeskouers. Bid vir die polisie en die Sjinese regering wat die verantwoordelikheid het om hierdie wêreldgeleentheid veilig te laat verloop. (Webruimte oor *Olimpiese Spele*: http://en.beijing2008.cn/).

Bid vir die kerk in Sjina: Kuytun is die hoofstad van 'n Kazakh gebied. Bid dat die Here meer werkers sal stuur om Sjina se 1,4 miljoen Kazakhese te bereik (**Jer.1:4-9**). (Webruimte: http://www.prayforchina.com/Map.htm?lang=e#).

Saterdag 9 Augustus 2008
Nasionale Vrouedag
Die oorsprong van hierdie dag is 9 Augustus 1956, toe sowat 20 000 vroue na die Uniegebou in Pretoria gemasjeer het. Die dag word gevier om die bydrae wat vroue tot die samelewing gemaak het, te gedenk, asook die sukses wat behaal is in die verkryging van vroueregte en om bewusmaking van probleme en vooroordele waarmee baie vroue steeds te kampe het, te bevorder (Webruimte: http://africanhistory.about.com/b/a/257344.htm). Bid asseblief vir die *Vrouedag*vieringe vandag, dat die eer nie aan mense gebring sal word nie, maar aan God vir Sy invloed in ons lewens. Vra dat vroue hulle vertroue in God sal stel, selfs vir wyse, weldeurdagte, praktiese deurbrake rakende geslagsgelykheid. (Vir meer inligting oor hoe om prakties betrokke te raak, kontak: *National Women's Day Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884, webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Bid asseblief vir die talle bedienings wat gereed maak om die evangelie op verskillende maniere gedurende die loop van die *Olimpiese Spele* te versprei. Vra dat Sjina in hierdie tyd die beperkings op die Christelike geloof sal verslap, wat dit makliker sal maak om die evangelie te versprei nadat almal reeds na hulle eie lande teruggekeer het.

Bid vir die kerk in Sjina: Ongeveer 20 miljoen Sjinese het die afgelope halfeeu in die Laogai gevangenisstelsel gesterf! Bid teen die gees van verdrukking wat oor Sjina se 1,3 miljard mense hang (**Ps.12:5**).
(Webruimte: http://www.prayforchina.com/Map.htm?lang=e#).

Sondag 10 Augustus 2008
Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag in jou lewe kan gebeur
Handelinge 25: Hy sal jou geloofsvertroue gee
Paulus se vertroue in die Here het nooit gewankel nie. Al het die Jode hom gehaat en was die Romeine in die war oor hom, het hy nie net vol vertroue gebly nie, maar ook vol dryfkrag! Hoe het Paulus in die eensaamheid van 'n tronksel, deur die pyn van 'n geseling te midde van die verwoesting van 'n skipbreuk geweet dat Christus lewend is? Die antwoord is eenvoudig: die Heilige Gees was voortdurend sy metgesel. Jesus het nie net belowe om die Trooster te stuur nie, maar daardie

onderneming ook nagekom. Vir teleurstelling in die bediening en in ons lewens as Christene is daar 'n oplossing, nl: om vertroos te word. En daar is slegs een Persoon wat ons werklik kan troos en dit is God deur sy Heilige Gees. Niks kom by 'n eerlike uitstorting van jou hart voor God nie, en om dan te ervaar hoe Hy in 'n enkele oomblik al jou bekommernisse wegneem en bedek. Dit is die soetste, kosbaarste ervaring – om in God se teenwoordigheid genees te word. Is daar op die oomblik dinge in jou hart wat jou pla? Worstel jy ook tans met teleurstelling – selfs teleurstelling in jouself? Woede is dikwels 'n manier om die onderliggende teleurstelling te verberg. Daar is regtig 'n manier om genesing en verligting te ontvang, maar dit beteken dat ek en jy tyd saam met die Trooster moet deurbring!

Vader, ek bely dat ek nie altyd direk en eerlik na U kom wanneer teleurstelling my tref nie. Ek voel skaam omdat ek kwaad en teleurgesteld is, veral teenoor myself. Vergewe my dat ek U nie met alles in my lewe vertrou nie. Waar ek vandag voor U staan, trek my asseblief tot binne in U teenwoordigheid soos nog nooit vantevore nie. Troos my en genees my van woede en teleurstelling. Help my om ook myself te vergewe omdat ek U teleurgestel het.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Bid dat die Heilige Gees Christene sal inspireer om op so 'n wyse teenoor ander van Jesus Christus te getuig, dat dit tot gevolg sal hê dat mense van verskillende nasies oor die liefde van God sal uitvra. Vra dat Christene Goddelike wysheid sal hê om die Woord van God tydig en ontydig te verkondig (**2 Tim.4:2**) en om die beste gebruik te maak van elke geleentheid.

Bid vir die kerk in Sjina: Daar is 'n toename in aanvalle op huiskerke en kerkleiers. *Geopende Deure* in Sjina berig dat, hoewel godsdiensvryheid deur die grondwet gewaarborg word, dit slegs van toepassing is op godsdiens wat binne die raamwerk van 'n kerk wat deur die *TSPM (Three Self Patriotic Movement)* goedgekeur is, beoefen word. (Hierdie organisasie het voorheen – in die 1950's – toesig gehou oor die vernietiging van alle onafhanklike kerkgroepe. Vandag is hulle verantwoordelik vir die oordra van die Party se godsdienstige beleidsrigtings aan Christene op plaaslike vlak.) Diegene wat hulle teen registrasie verset, word vir lang tye geteister, ingeperk, vervolg en in die tronk gestop. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Swede. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se). Volhard met gebed vir hierdie situasie en vra dat Christene bonatuurlike guns by die regering sal geniet. Vra ook dat Christene toestemming sal kry om die kerkgeboue wat vernietig is, sonder verdere teenstand te kan herbou.

Maandag 11 Augustus 2008
***Andrew Murray-sentrum* se bediening in tronke**
Tydens die bediening in gevangenisse, het dit duidelik geword dat sommige gevangenes wat lang vonnisse uitdien en wat Christus aangeneem en gewys het dat hulle geloof en keuse eg is, moontlik binnekort vir parool in aanmerking sal kom. Bid dat hierdie mense gelowig en staande sal bly wanneer hulle vrygelaat word. Dit is moeiliker om buite die tronkmure vir Christus op te staan as daarbinne. Vra dat God nog sendingwerkers en leiers sal oprig om nuwe bekeerlinge te ondersteun wanneer hulle uit die tronk vrygelaat word. (*Andrew Murray Centre*, Wellington. Tel.: 021 864 3477 en e-pos: bliss.david.deborah@gmail.com).

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Dit kan gebeur dat Christene wat gedurende die *Olimpiese Spele* getuig en Christelike lektuur versprei, gearresteer word. Bid asseblief vir hierdie Christene sodat hulle, selfs wanneer hierdie dinge gebeur, nie bang sal wees nie, maar die beste gebruik sal maak van elke geleentheid. Vra dat daar ongeag die omstandighede 'n geleentheid sal wees om van Jesus Christus te getuig, dat hulle gehoor sal word en dat die hoorders op 'n diep persoonlike wyse aangeraak sal word (**Luk.21:13**).

Bid vir die kerk in Sjina: Gansu het die tweede meeste Moslem Hui in Sjina (1 233 600). Bid dat diegene wat by die Lanzhou Groot Moskee in Gansu aanbid, die liefde van die wáre God sal leer ken (**1 Joh.4:8-9**).
(Webruimte: http://www.prayforchina.com/Map.htm?lang=e#).

Dinsdag 12 Augustus 2008
Pastoring of Pastors Netwerk (POPnet) vergadering
Bid asseblief vir die *POPnet-kliniek en -beraad*, 12-15 Augustus 2008 in Pretoria. *POPnet* bied 'n praktiese opleidingskliniek en beplanningsberaad oor die mentorskap van pastorale en kerklike leiers aan. Bid asseblief vir die beplanning van hierdie geleentheid, vir leiers om die belangrikheid hiervan te verstaan en deel te neem, vir die hoofspreker, dr. David Kornfield van

Brasilië, en vir 'n praktiese beweging van pastorale sorg aan predikante en pastore in Suidelike Afrika. (Kortom: Pastore en predikante word aangemoedig om mekaar pastoraal te versorg.) (*TOPIC SA*, e-pos: topic@topicsa.net. Tel.: 011 972 6919).

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Bid steeds dat God mense uit die baie nasies wat in hierdie tyd in Beijing is, sal aanraak, of hulle nou atlete of besoekers is. Vra dat die getuienis van Christen-atlete werklik die liefde van Jesus en die Vader aan ander sal bedien, sodat hulle navraag sal doen oor hoe hierdie liefde ook deel van hulle lewens kan word. Bid ook vir die sekuriteitsaspekte by die Spele vandag, dat God beamptes vooruit sal waarsku as daar enigiets verdags aan die gang is. Vra dat almal wat kwaad beplan, betrap sal word voordat skade aangerig kan word en dat God hiervoor verheerlik sal word.

Bid vir die kerk in Sjina: Personeel van die Sjinese *Buro vir Openbare Veiligheid* het Christelike huiskerkbyeenkomste, doopdienste en opleidingsessies besoek en pastore in Beijing versoek om die stad te verlaat voordat die Spele begin. In ten minste twee provinsies is buitelanders uit die land gesit omdat hulle te lank as "studente" in stede aangebly het. Party is aangesê om te vertrek omdat daar Christelike lektuur in Chinees in hulle huise gevind is. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Swede. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se). Die realiteit van teenkanting teen Christene in Sjina is skokkend. Hou aan om tot God te roep dat hierdie situasie voor die einde van 2008 sal verander.

Woensdag 13 Augustus 2008
Suid-Afrika se kleinhandel beleef druk
Kleinhandelverkope het vir die eerste keer in byna sewe jaar gedaal, 'n teken dat stygende skuldkoste en inflasie verbruikers onder druk geplaas het. Die kleinhandelsektor is die derde grootste in die ekonomie en nuus dat dit vir die eerste keer sedert die begin van 2001 gekrimp het, steun die siening dat hoër rentekoerse groei in hierdie sektor vanjaar skerp aan bande sal lê. (Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A705998). Hou aan bid dat mense hulle skuld sal begin afbetaal en sal ophou om meer te spandeer (salarisse, bonusse, huislenings en kredietkaarte) as wat hulle kan bekostig. Vra ook dat die kerk meer openlik vanuit 'n Bybelse oogpunt oor hierdie praktiese sake sal praat.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Bid vandag vir spesiale guns om Bybels en Christelike lektuur onder deelnemers aan die *Olimpiese Spele* te versprei. Vra dat dit nie gekonfiskeer of vernietig sal word nie, maar dat elke Bybel en stuk lektuur hulle weg sal vind na 'n honger en soekende hart. Vra vir guns in hierdie tyd, dat kommunikasie tussen besoekers en plaaslike kerkleiers sal lei tot die invoer van duisende Bybels om in die hande van die plaaslike Christene geplaas te word.

Bid vir die kerk in Sjina: Bid vir nuwe Gelowiges, dat hulle 'n honger sal hê om die Woord van God te bestudeer, daaroor na te dink en te bid. Vra vir hulle bewaring. Bid ook dat God dapper, nederige mense sal roep wat 24/7 gebedshuise regoor Sjina sal stig, sodat Gelowiges aangemoedig kan word om te begin roep vir die redding van hulle eie stamme in Sjina. Vra wéér dat die beperkings op Christene opgehef sal word.

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Sjina
Sjina beklee nou die agtste plek as 'n land wat Christene vervolg. Die Christendom het die eerste keer in die 630's na Sjina gekom, dieselfde dekade as wat Mohammed oorlede is. Die keiser het beveel dat die Heilige Skrif van die Woord (Bybel) in Chinees vertaal moet word en dat 'n kerk in die hoofstad gebou moet word. Die volgende keiser het hierdie bevel gestand gedoen en kerke in al die provinsies van Sjina laat bou. Na 200 jaar het sake egter drasties begin verander. Die *Kulturele Rewolusie* van 1966-1976 was een van die ergste vervolgings van Christene in die geskiedenis. Hoewel Kommunisme stadig aan die uitsterf is in Sjina, word Christene steeds ernstig vervolg, moet hulle wegkruip, in huiskerke ontmoet en in die geheim mense na Christus lei. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Laat ons volhardend bid vir God se genade vir die kerk in Sjina sodat hulle eie mense met die evangelie bereik kan word.

Donderdag 14 Augustus 2008
Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld
Die vernaamste uitdagings in ons land behels probleme soos misdaad, korrupsie, onvoldoende behuising en infrastruktuur en 'n gebrek aan tegniese en bestuursvaardighede. Openbare besteding, wat voorheen in miljoene gemeet is, word nou in miljard bespreek wanneer beplanners na 2010 kyk. (*SA at a Glance, 2007/8, bl.14*). Dra hierdie situasie in gebed aan die

Here op. Bid dat die gety van misdaad en korrupsie op elke lewensterrein omgekeer sal word. Vra vir guns met die bou van huise en infrastruktuur, sowel as vir meer jongmense wat vir tersiêre opleiding inskryf. (Sodat Suid Afrika se jongmense tegniese- en bestuursvaardighede kan aanleer).

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Bid vandag vir atlete wat medaljes wen: dat diegene onder die wenners wat Christene is, aan God die eer sal gee vir die talent wat hulle as atlete ontvang het. Vra dat skeidsregters noukeurige en regverdige beslissings sal maak oor die toekenning van wenplekke. Bid dat die sekuriteitspolisie skerp sal wees met hulle waarnemings by al die verskillende aktiwiteitspunte.

Bid vir die kerk in Sjina: Die kerk in Sjina groei steeds te midde van vervolging. Die groot getalle wat deur die verkondiging van die evangelie aangetrek en dan bekeer word, is sekerlik getuienis van die kragtige werking van die Heilige Gees. Dit sou onwaar wees om te kenne te gee dat herlewing regoor die land plaasvind, maar in baie gebiede is die groei van die kerk verstommend, met groot getalle bekeerlinge die afgelope paar jaar. (*China's Christian Millions*, bl. 23). Dank die Here dat Hy sy Heilige Gees oor die Sjinese nasie uitstort. Bid dat nuwe Gelowiges sterk sal groei in hulle persoonlike verhouding met die Here Jesus.

ARTIKEL: Gebedsfokus op Sjina (8ste plek onder die mees vervolgde lande)
Die geskiedenis van die evangelisering van Sjina
In die jaar 1266 het die Mongoolse keiser Kublai Khan (1215-1294), heerser van Noord-Sjina, met 15 miljoen inwoners en Suid-Sjina met 65 miljoen inwoners, die Polo-broers gevra om terug te keer na Europa met 'n versoek aan die Pous in Rome om 100 sendelinge na Sjina te stuur. Hy het as volg aan die pous geskryf: "Stuur vir my 100 manne wat in u godsdiens onderlê is … en dan sal ek gedoop word en dan al my baronne en belangrike manne en dan hulle onderdane. En so sal daar meer Christene hier wees as wat daar in u gebied is." Twee Dominikane is daarheen gestuur, maar hulle het omgedraai voordat hulle hulle bestemming bereik het. In 1278 (12 jaar later), het die pous vyf Fransiskane gestuur. Dit was een van die grootste geleenthede in die geskiedenis van die Christendom om Sjina te evangeliseer wat eenvoudig deur die vingers laat glip is.

In 1644 is die laaste erfgenaam van die Sjinese troon onder die Ming-dinastie gedoop, maar ongelukkig het 'n ander groep, die Manchu, die mag by hom oorgeneem. In daardie tyd is 25 miljoen Sjinese om die lewe gebring. So het die tweede geleentheid vir die evangelisering van Sjina verlore gegaan. Indien die gedoopte van die Sjinese troon die Ming-dinastie kon behou, sou Sjina vandag waarskynlik anders gelyk het.

In 1843 het die groot vreedsame Koninkryk (Tai Ping Tien Kueh: Vereniging van die Aanbidders van die Ware God/Hemelse Koninkryk van Groot Vrede), wat in Sjina as 'n half-Christelike sekte deur Hung Hsiu-chuan (1814-1864) gestig is, begin en die leiers is sterk deur die boodskap van die Nuwe Testament beïnvloed. In 1853 het rebelle Nanking ingeneem en die Protestantse sendingstasies gevra om hulle leiding te gee, maar hulle is geïgnoreer! Dit was die derde en laaste groot geleentheid in die geskiedenis om Sjina vir die Christendom te wen, maar wat nooit gebruik is nie. (*World Christian Trends*, bl. 124, 133, 140).

Bybeldrukwerk geduld, Christene nie
Van so vroeg as die jaar 683 is Christene in Sjina vervolg. Deur die eeue het Christene belangrike geleenthede om die evangelie na hierdie land en sy mense te bring, laat verbygaan, hoofsaaklik as gevolg van versuim. Dis ironies dat daar vandag letterlik duisende Bybels in Sjina gedruk en oor die wêreld versprei word omdat drukkoste daar goedkoper is as in baie Christenlande. Tog neem Sjina die agste plek in onder die lande waar Christene die meeste vervolg word. Daar is talle beperkings op Christene, hulle samekomste en hulle kerke.

Wat van die *Olimpiese Spele*?
In 2008 vind die *Olimpiese Spele* in Sjina plaas. Daar is heelwat in die media berig oor voornemende toeriste wat Sjina glo sal besoek. Dit blyk dat die Sjinese owerhede hulle streng reëls en regulasies gaan verslap onder die druk van die wêreld. Die afgelope twee jaar het die Sjinese bevolking soos nog nooit van tevore geleenthede gekry om hulle toe te lê op die aanleer van die Engelse taal ter voorbereiding vir die *Olimpiese Spele*. Die land is met groot sorg besig om sy mense op te

voed om met die buitelanders te kan kommunikeer wanneer hulle daar kom. Nog nooit van tevore is daar soveel moeite gedoen vir die voorbereiding van 'n nasie om sy doel in die eindtye te vervul nie.

Mag 2008 moontlik die jaar wees waarvoor ons al die afgelope byna 800 jaar gewag het? Hoe kan ons ons deel doen om hierdie geleentheid, wanneer al die nasies van die wêreld Sjina sal binnekom, ten beste te benut? Nou is die tyd om die stem van die Here te hoor. Dit is tyd om Sy aangesig te soek, om Hom aan te roep vir guns by mense ter wille van Sy koninkryk. Dit is die tyd om Sy beloftes te verkondig, om te verklaar dat Sy Naam bo alle ander Name is en te profeteer dat die koninkryk van God ook in Sjina gaan kom.

Sluit aan by ons spesiale fokus op Sjina vir die maand Augustus wanneer hierdie land die *Olimpiese Spele* aanbied. Laat ons God meer as ooit vertrou vir 'n wonderbaarlike deurbraak in hierdie land.

Vrydag 15 Augustus 2008

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die onderskeie kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Bid vir hulle veiligheid, krag en gesondheid. Vra ook dat God in hulle praktiese, fisiese en geestelike behoeftes sal voorsien. Bid asseblief dat die druk en pos van die gebedsgids hierdie maand glad sal verloop, aangesien die volgende uitgawe binne die volgende 10 dae gepos gaan word. Vra dat elke boekie sy bestemming betyds sal bereik en dat geen koevert of pakkie sal wegraak nie. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid vir die gesondheid van die mense wat Sjina besoek. Vra ook dat Christene sensitief sal wees vir die Heilige Gees terwyl hulle deur Beijing en ander dele van Sjina reis, sodat hulle nie aan enige goddelose rituele sal deelneem nie, selfs al lyk dit onskuldig. Bid ook steeds vir die beskerming van die Christenbedienings wat die evangelie versprei. Bid dat besoekers nie deur hul ywer plaaslike bedienings in gevaar sal stel nie.

Bid vir die kerk in Sjina: Die tekort aan opgeleide leraars en onderwysers het krisisafmetings aangeneem. Een provinsie met meer as 'n miljoen Christene het slegs 'n honderd geordende leraars, ongeveer 1 vir elke 10 000 Christene. In ander provinsies is die verhouding 1:50 000 en 1:100 000. Dit stel gemeentes soms bloot aan leerstellings van entoesiastiese, maar ekstremistiese elemente in hulle midde en maak hulle ook vatbaar vir kultiese evangeliste wat van dorp tot dorp reis. (*China's Christian Millions*, bl. 38). Bid asseblief vir hierdie situasie, dat meer Christen-jongmanne en -vroue spesifiek die rol van leraar in Sjina sal opneem en vir die nodige teologiese studie sal inskryf. Bid ook vir die kerk, dat die Heilige Gees elke vorm van dwaallering aan Christene sal openbaar.

Saterdag 16 Augustus 2008

Grondhervorming kan tot 50% misluk

Dit lyk of slegs 50% van die geskatte grondhervormingsdoelwitte op die oomblik bereik word. Gedurende die afgelope 12 jaar is meer as 4 miljoen hektaar grond aan miljoene begunstigdes ten opsigte van 79 000 grondeisesake gegee. (Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A709171). Vra dat hierdie grondeise op 'n goeie manier sal plaasvind, vir beide diegene wat afstand doen van hulle grond en diegene wat eienaarskap van die grond ontvang. Bid vir die nuwe grondeienaars, dat hulle ontvanklik sal wees om te leer hoe om goeie rentmeesters te wees van die grond wat hulle ontvang. Bid ook dat 'n grond- en landelike ontwikkellingsagentskap gestig sal word en dat dit in sy doel sal slaag.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid dat Christen-atlete en ander Christelike groepe vir mekaar sal bid en bid vir mense wat op die rand staan van 'n besluit om Christus te volg. Bid dat hulle sal deurdruk en die keuse sal maak. Vra dat God gebede met tekens en wonderwerke sal verhoor en dat baie harte na Hom sal draai met 'n honger na sy Woord. Bid ook vir die atlete se veiligheid, dat geen ongelukke sal plaasvind en geen lewens geëis sal word nie.

Bid vir die kerk in Sjina: In Maart 1999 het Amity Press in Nanjing die druk van 20 miljoen Bybels gevier. Die prys van Bybels is laag – die gewildste (gedruk in die "vereenvoudigde skrif" wat nou oral op die vasteland van Sjina gebruik word) is

heeltemal bekostigbaar. Sakbybels is selfs nog goedkoper. Bybels is nou meer geredelik beskikbaar as in die 1970's toe Bybels dikwels moeisaam met die hand oorgeskryf is. (*China's Christian Millions,* bl. 40). Dank die Here vir hierdie verandering die afgelope 40 jaar. Hou aan bid vir 'n groter honger en dors onder Gelowiges om die Bybel te lees en te bestudeer.

Sondag 17 Augustus 2008

Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag met jou kan gebeur

Handelinge 26: Hy bemagtig die woorde van jou mond

Paulus het elke geleentheid benut om sy getuienis te lewer en vir die gevangenes die boodskap van verlossing te bring. Sy verdediging voor koning Agrippa was so kragtig dat dit 'n studiemodel vir regstudente geword het. Daar was krag in sy getuienis en in sy woorde. Toe hy klaar was, het Agrippa gesê: "Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak" (**Hand.26:28**). Feitlik enigeen kan 'n toespraak maak, maar slegs die Gees kan 'n getuienis soos hierdie lewer! Duisende preke word op Sondae en regdeur die week gepreek. Hoeveel mense kom na Christus? Hoeveel Christene suiwer hulle lewens en ontsê hulleself die genietinge van die wêreld, omdat hulle weet dat hulle Jesus liewer het as die wêreld? Die kerk het 'n desperate behoefte aan mans en vroue wat die Heilige Gees sal toelaat om hulle te lei en te bekragtig. (Mense wie self nie in die pad van die Heilige Gees staan nie.) Het jy 'n begeerte om so oor God te getuig? Ken jy God só? Wil jy nie miskien vandag vir God vra om jou lewe te kom verander en jou met Sy Heilige Gees te doop nie?

Hemelse Vader, doop asseblief mans en vroue, jonk en oud, met U Heilige Gees en met vuur, sodat ons kan getuig, preek en U Naam mag verkondig, tydig en ontydig (**2 Tim.4:2**) *en sonder enige vrees vir mense. Vergewe ons omdat ons louwarm lewens lei, waarin ons onsself toelaat om te sondig en dinge te doen wat U nie vereer nie. Maak ons lewens suiwer, was ons skoon met U Woord* (**Ps.51:4**).

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Al was die oorsprong van die *Olimpiese Spele* heeltemal nie-Christelik, bied so 'n gebeurtenis baie geleenthede om die liefde van God aan die nasies te bedien. Bid vir die vreedsame voortsetting van die *Olimpiese Spele* se program. Vra dat duisende Christene hierdie geleentheid met gebed sal dek en dat God sal aanhou ingryp in die lewens van duisende mense in Beijing vir die duur van die Spele.

Bid vir die kerk in Sjina: Alhoewel Bybels vryelik in die stede beskikbaar is, is dit nie die geval in plattelandse gebiede nie, waar 70% van die bevolking en moontlik ook dieselfde persentasie Christene bly. Baie kan dit nie bekostig om lang afstande te reis nie. As daar wel Bybels is, is dit dikwels uitverkoop voordat daar aan die behoefte voldoen is. (*China's Christian Millions,* bl. 40). Bid vir die verspreiding van Bybels en ander Christelike lektuur na plattelandse gebiede sodat meer mense toegang tot die Woord van God kan hê.

Maandag 18 Augustus 2008

Pornografie en pedofilie

'n Verslag van die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)* oor aanlyn kindermolestering toon dat hulle nie die omvang van die probleem in Suid-Afrika kan bepaal nie. Voorstelle oor hoe om die probleem aan te pak, is dat Internetdiensverskaffers en selfoonverspreiders name van kliënte wat kindermolesteringsmateriaal aflaai en versprei, aan die owerhede moet verskaf vir ondersoek. 'n Internetmoniteringstelsel om kindermishandelingsinhoud ensovoorts te monitor en te verwyder, sal ook help om die probleem op te los.
(Webruimte: http://www.itweb.co.za/sections/Internet/2008/0801241032.asp?O=FPTOP&S=Legal%20View&A=LEG) Bid asseblief so dikwels as wat jy daaraan herinner word vir deurbrake op die terreine hierbo genoem. Vra dat nie slegs effektiewe monitering gedoen sal word nie, maar ook dat daar voldoende getuienis sal wees om skuldiges te vervolg. Die skuldiges was dikwels self ook slagoffers. Vra vir God se verlossing en genesing om hierdie mense te bevry.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Dra vandag alle atlete in Beijing wat uit geslote lande kom, aan God op. Bid dat God Christene sal lei om hulle op so 'n manier te bedien dat hulle honger sal word vir God se liefde. Vra dat blywende vriendskapsverhoudings tussen hierdie atlete gevorm sal word, sodat hulle kan voortgaan om hulle te bedien nadat die Spele verby is en atlete sal terugkeer om dieselfde bediening aan hulle gesinne en vriende te bring.

Bid vir die kerk in Sjina: Regeringsbeleid laat kerke nie toe om die evangelie aan persone onder 18 te bring of hulle na Christus te lei nie. Dit laat ook nie Gelowiges toe om vir siekes te bid of Gelowiges uit ander lande te ontvang of om kontak met kerke in die buiteland te hê nie. (*China's Christian Millions*, bl. 66). Hierdie is 'n paar van die redes waarom Christene nie hulle gemeentes wil registreer nie, omdat hulle aan hierdie vereistes moet voldoen. Hou aan om vir die kerk te bid vir wysheid oor hoe om onder hierdie omstandighede met hulle werk voort te gaan.

Dinsdag 19 Augustus 2008

Tradisionele genesers kan van mediese fondse eis

Sodra die *Wetsontwerp op Tradisionele Gesondheidspraktisyns* in werking gestel word, sal een van die prioriteite van die 22 lede van die tussentydse *Nasionale Raad van Tradisionele Genesers* wees om met mediese fondse te onderhandel om vir behandeling deur tradisionele genesers te betaal. Daar sal van alle tradisionele genesers vereis word om by die raad te registreer voordat hulle in Suid-Afrika kan praktiseer en daar word verwag dat ten minste 350 000 tradisionele genesers gaan registreer. Dit sal ongeveer vyf jaar neem om as 'n volwaardige tradisionele geneser te registreer en genesers sal in drie kategorieë verdeel word: dolosgooiers (sangomas), kruiedokters (nyangas) en tradisionele snydokters, wat besnydenisse uitvoer. Daar sal van tradisionele genesers verwag word om te weet hoe om die meeste van die meer as 5 000 kruie wat in die land voorkom, te identifiseer en te meng, asook die kundige aanwending daarvan by die behandeling van siekes. Een van die eerste groot take van die tussentydse komitee sal wees om tradisionele genesers op te lei oor hoe om van die mediese fondse te eis.
(Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20080119083513598C800758). Maak asseblief hierdie week tyd by jou gebedsbyeenkoms om gefokus oor hierdie aangeleentheid te bid. Pleit by God vir die redding van sangomas, nyangas en tradisionele snydokters regoor ons land en dat baie van hulle ook ander sal lei om Jesus te volg.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Dra elke stam, taal en nasie wat by die *Olimpiese Spele* verteenwoordig is, in gebed aan die Here op. Pleit by Hom vir hulle redding, dat die volle getal van ons leeftyd in sy koninkryk sal ingaan. Bid ook vir die sekuriteitspolisie, organiseerders en spanleiers van die verskillende lande, afrigters, instrukteurs, ensovoorts dat niemand die Spele sal verlaat sonder 'n geleentheid om gekonfronteer te word met die liefde van God en die keuse van 'n ewige lewe nie.

Bid vir die kerk in Sjina: Ongelukkig het talle kultusse na feitlik elke Sjinese provinsie versprei terwyl die kerk vals leringe moet beveg, en terselfdertyd 'n tekort beleef aan opgeleide leraars, predikers en opleidingsmateriaal. Die Sjinese kerk staar 'n ernstige bedreiging deur sektes en kultusse in die gesig. (*China's Christian Millions*, bl.130). Bid gereeld vir hierdie situasie. Bid dat die Heilige Gees elke Gelowige self sal leer, dat hulle sal besef dat Jesus die Waarheid is en dat die Waarheid hulle sal vrymaak (**Joh.3:30-32**). Bid dat hulle 'n dringende behoefte sal hê om Jesus se lewe vanuit die Bybel te bestudeer.

Woensdag 20 Augustus 2008

SA en Namibië oorweeg Oranjerivier waterskema

Die presidente van Suid-Afrika en Namibië het die bevindinge van 'n uitvoerbaarheidsondersoek i.v.m. 'n hidro-elektriese kragstasie langs die Oranjerivier tussen die twee lande goedgekeur. Die besluit kom terwyl Suid-Afrika weer kragonderbrekings regoor die land ervaar as gevolg van beurtkrag. Namibië het ook nie ongedeerd daarvan afgekom nie, aangesien die land se kragvoorsiener, *Nampower*, gedwing was om kraginvoer uit sy suidelike buurman te verminder. (Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=68&art_id=nw20071011232753506C398319&newslett=1&em=177813a6a20071012ah). Kom ons volhard in gebed vir die beskikbaarheid van elektrisiteit in ons land. Bid vir goeie, strategiese beplanning en vernuftige bestuur oor die volgende vyf jaar om verligting te bring met die verskaffing van elektrisiteit in die land. Vra dat God vir diegene wat daarvoor verantwoordelik is, kreatiewe maniere sal wys waarop meer mense toegang tot elektrisiteit sal kan kry, selfs in arm gebiede.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Baie finale rondtes in die verskillende sportarenas gaan nou plaasvind. Bid vandag vir Suid-Afrikaanse atlete by die Spele, dat hulle suksesvol op hulle sportgebied sal wees en dat elkeen op die een of ander wyse aan God die eer sal gee. Vra dat ons Suid Afrikaanse atlete beskerm sal word teen skandale, vals beskuldigings, misdaad, ongelukke en siekte.

Bid vir die kerk in Sjina: Die jaar 2007 is deur 'n wydverspreide toename in vervolging regoor Sjina gekenmerk. Statistiek toon dat die aantal gevalle van vervolging, arrestasies en aanhoudings vanaf 2006 dramaties toegeneem het. Kommer bestaan dat die vervolging van kerke en Christene in 2009 skerp sal toeneem en dat die situasie met betrekking tot menseregte ernstig sal versleg. (China Aid Association, faks: 432 686 8355, Webruimte: http://www.chinaaid.org/ of http://www.monitorchina.org/ of e-pos: info@ChinaAid.org). Bid dat hierdie verwagting nie waar sal word nie. Vra nog 'n keer dat die Sjinese regering in hierdie tyd beperkings op Christelike aktiwiteite sal verslap en hierdie verslapping binnekort sal wettig. Vra dat die deur om Jesus Christus ná die Spele te verkondig groter sal oopgaan. (Onthou: God doen die onmoontlike vir hulle wat glo! **Matt. 9:29**: "...laat dit vir julle wees volgens julle geloof...")

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Viëtnam

Viëtnam beklee tans die negende plek as 'n land wat Christene vervolg. Hierdie jaar het die *Departement van Buitelandse Sake* van die VSA besluit om Viëtnam te verwyder van hulle *Country of Particular Concern (CPC)* en lys van skenders van godsdienstige vryheid, maar dit bly steeds een van die moeilikste plekke vir 'n Christen om in te bly. Alhoewel dit lyk asof die beperkings op Christene regoor die land verslap is, gaan die Viëtnamese regering steeds voort om die hoofsaaklik Christen etniese groepe op die Sentrale Hoogland wreedaardig te onderdruk. Hulle word dikwels gevange gehou sonder verhoor, ontvoer, deur polisiebeamptes verkrag, met elektriese skokke gemartel, met dwelms ingespuit en geslaan. Die polisie konfiskeer Bybels, brand kerke af, neem hulle grond af, voer klopjagte uit op hulle huise en onderbreek hulle kerkddienste. Die regering hou steeds meer as 300 Christene uit die Sentrale Hoogland aan. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Pleit by God vir die Christene wat in Viëtnam vervolg word. Vra dat hulle guns sal geniet by hulle vervolgers en dat baie van die polisielede vir die koninkryk van God gewen sal word.

Donderdag 21 Augustus 2008

Sonkragtoilet bied oplossing

'n Sonkragaangedrewe en waterlose toilet kan die antwoord wees vir miljoene Suid-Afrikaners wat steeds nie toegang tot basiese sanitasie het nie. Deur 'n sonpaneel met 'n ventilator en 'n suigwaaier te gebruik, kan die toiletstelsel organiese materiaal in kompos omskep sonder die gebruik van water of elektrisiteit en kan dit ook in huise gebruik word. Hierdie meganisme sal nie net beter sanitasie voorsien nie, maar sal ook help om elektrisiteit aan die huis te voorsien. 'n Beleggings- en tegnologiemaatskappy onderhandel tans met verskaffers om 'n bekostigbare, groter sonpaneel te ontwerp wat ook ander huishoudelike toestelle kan aandryf. Die loodsprojek in Khayelitsha, Kaapstad, was suksesvol en die regering is nou gevra om die toiletstelsel te subsidieer.

(Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=124&art_id=vn20080219095625562C983467). Dank die Here hiervoor en vir ander praktiese, laekoste- en effektiewe oplossings wat meer as een probleem kan oplos! Bid hiervoor en vir ander projekte, dat God maniere aan maatskappye sal uitwys van hoe om sanitasie, water- en elektrisiteitstekorte op lang termyn (en veral in landelike gebiede) aan te pak.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid vir atlete wat met die kwalifiserende rondtes uitval en terugkeer huis toe. Vra dat hulle in hulle teleurstelling God sal onthou en Hom sal aanroep. Bid vir hulle beskerming, (ook vir naby familie se kritiek) dat hulle nie hulle eie lewe sal neem nie, maar dat elkeen sal begin soek na daardie "iets meer" in die lewe, en Jesus sal vind.

Bid vir die kerk in Sjina: Toe die *Volksrepubliek van Sjina* in 1949 tot stand gekom het, het hulle vir die grootste gedeelte van die volgende 30 jaar die deur vir buitelanders gesluit. Meer as 10 000 sendelinge wat regoor die streek versprei was, is beveel om die land te verlaat. Die toekoms van die kerk in Sjina is betreur en daar is geglo dat dit te jonk en swak was om die wreedheid van 'n totalitêre regime te weerstaan. Die geskiedenis het egter bewys dat die Sjinese kerk, in plaas van om deur vervolging oorweldig te word, in geestelike volwassenheid en dapperheid gegroei het. (Onder makliker omstandighede sou dit waarskynlik nie gebeur het nie. Hoe meer hulle onderdruk is, hoe meer het hulle vermenigvuldig en versprei) (*Operation China*, bl. 1). Dank God wat self sy kerk bou! Dank Hom vir al die gebedstryders wat Hy opgeroep het om vir Sjina in te tree. Dank God dat Hy dinge op Sy wonderbaarlike manier doen.

Vrydag 22 Augustus 2008

Groot struikelblokke staar Suid-Afrika in die gesig

Baie kinders bly alleen in plakkershutte, sommige het niks om te eet nie en ander bly by 'n ouer wat ernstig siek is as gevolg van MIV/VIGS. Drie of vier uit elke 10 meisies word swanger en verlaat die skool. 'n Ernstige tekort aan onderwysers dra by tot die probleme en in primêre skole het sommige klasse meer as 100 leerders.
(Webruimte: http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,,2-7-1442_2253315,00.html) Laat ons nie moeg raak om te bid vir die lot van kinders wat as gevolg van MIV/VIGS en ander probleme ly nie. As jy persoonlik van sulke gevalle bewus is, bid vir God se leiding oor hoe om deel van die oplossing te word.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid vir duisende mense wat deur die res van Sjina gaan toer of gaan terugkeer huis toe. Vra dat Christene wat dit oorweeg om deur die land te toer, elke kans en geleentheid sal gebruik om die liefde van Jesus Christus aan die mense van Sjina te bedien. Hou aan bid vir diegene wat verantwoordelik is vir die organisering van die Spele, die sekuriteitspolisie en die talle besoekers, dat hulle harte oop en ontvanklik sal wees vir die werking van die Heilige Gees wat hulle aanspoor om Christus as Koning van hulle lewens te oorweeg.

Bid vir die kerk in Sjina: In 1992 het die hoogs gerespekteerde *Ethnologue,* wat meer as 6 000 tale in die wêreld beskryf, 168 "lewende tale" in Sjina gelys, maar 'n verdere 37 tale is in die volgende vier jaar in Sjina "ontdek"! Namate antropoloë en taalkundiges begin om studies in die meer afgesonderde bergagtige dele van Suidwes-Sjina te doen, kan daar verwag word dat nog tientalle stamme en tale hier ontdek sal word. (*Operation China*, bl. 5). Prys die Here vir al die stamme en tale van die aarde, en veral Sjina! Daar lê nog 'n lang pad van sendingwerk voor, aangesien die Bybel belowe dat mense van elke stam, taal en nasie voor God se troon sal staan! (**Op.5:7-9**). Vra dat die res van die Sjinese bevolking se tale ontdek sal word en dat gedeeltes van die Bybel nog in hierdie generasie in elk van hierdie tale vertaal sal word.

Saterdag 23 Augustus 2008

Misdaad kos besighede R3,5 miljard

Misdaad eis 'n al hoe groter tol van besighede, wat verlede jaar meer as R3,5 miljard aan goedere verloor het as gevolg van winkeldiefstal, bedrog en rooftogte. Besighede het 4 438 rooftogte in die twaalf maande tot September verlede jaar aangemeld, teenoor 3 433 in die vorige 12 maande, 'n toename van 29% in hierdie misdaadkategorie. Gauteng is steeds die provinsie wat die swaarste deur besigheidsrooftogte getref word, met 54% van die voorvalle. (Webruimte: http://business.iafrica.com/features/776943.htm). Dit is ongelooflik om te sien dat meer kriminele as ooit tevore deesdae op heterdaad betrap word. 'n Ommekeer is besig om plaas te vind en geregtigheid is besig om teen die gety op te staan. Laat ons volhard en bid sodat hierdie gety heeltemal sal omdraai.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Die *Olimpiese Spele* loop môre ten einde. Bid dat die afhandeling van die aktiwiteite by die Spele glad sal verloop. Vra vir die beskerming van almal in Beijing. Bid ook vir seën en 'n veilige reis vir die duisende wat reeds besig is om die land te verlaat.

Bid vir die kerk in Sjina: Sedert die geleidelike oopstelling van Sjina in die 1980's, het talle Christelike werkers en evangeliebedienings hier begin werk. Dit het saamgeval met 'n wêreldwye bewuswording deur hierdie bedienings van die bereiking van die onbereikte mensegroepe met die evangelie. Daar is steeds 300 mensegroepe wat nog nooit die evangelie gehoor het nie. (*Operation China*, bl. 5). Bly bid asseblief vir die kerk in Sjina, om op God te vertrou vir 'n strategie oor hoe om hulle mense so vinnig moontlik met die evangelie te bereik. Vra dat God profete binne die Sjinese kerk sal roep om hulle verantwoordelikheid op te neem en in guns by God en die mense te groei, sodat hierdie taak binne die volgende geslag voltooi kan word (**1 Sam.2:26**).

Sondag 24 Augustus 2008

Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag vir jou kan gebeur

Handelinge 27: Hy sal jou uit natuurrampe red

Op sy laaste reis na Rome was Paulus 'n gevangene op 'n skip met 276 passasiers. Na twee weke van stormgeteisterde see, het Paulus by hulle aangedring om iets te eet (**Hand.27:33**). Hy het hulle nie net aangespoor om te eet vir oorlewing nie, maar hulle ook gerusgestel: "Niemand van julle sal 'n haar van sy kop verloor nie" (v.34). In tye van beproewing word die diepte van ons persoonlike verhouding met die Here ernstig getoets. Paulus het presies geweet wat nog alles met hom gaan

gebeur en het geen vrees gehad dat hy daar sou sterf nie. Al die ander se lewens is ook gered as gevolg van God se guns op Paulus se lewe. Hoe tree jy op in tye van beproewing? Beskuldig jy God daarvan dat Hy nie lief is vir jou of aan jou kant is nie? Blameer jy ander en skop jy 'n bohaai op as dinge nie na jou sin verloop nie? Hoe reageer ons op die situasie in ons land? Bring dit ons op ons knieë sodat ons God se Naam kan aanroep, of skaar ons ons by die ongelowiges met ons beskuldigings en negatiewe houding? Ons almal beland ten minste 'n paar keer in ons lewens in een van hierdie situasies. Wanneer God se guns egter op ons is en ons leer om sy liefde vir ons te vertrou, sal ons vrede in Hom ons toevlug wees.

Vader, vergewe my dat ek altyd probeer om iemand anders te blameer en dat ek ook U liefde en opregte bedoelings met my lewe bevraagteken. Bewaar my asseblief van selfbejammering. Leer my om my eie tekortkominge te erken, asook die oppervlakkige verhouding wat ek met U deur die Heilige Gees het. Ek vra vandag dat U asseblief my lewe sal verander. Leer my om U stem te hoor, om U te alle tye te vertrou en eerder na U te kyk as na die omstandighede. Help my om deel te word van die oplossing in watter omstandighede ek my ook al mag bevind, omdat ek met U 'n verhouding het. By U is niks onmoontlik nie.

8-24 Augustus: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina
Vandag is die laaste dag van die 2008 *Olimpiese Spele*. Dank die Here vir baie gebede wat oor die afgelope 17 dae verhoor is. Bid weer vir nuwe Gelowiges, dat hulle in kontak sal bly met diegene wat hulle na die Here gelei het en dat hulle steeds sal groei in hulle persoonlike verhouding met die Here Jesus. Bid ook in die volgende klompie dae vir genade vir almal wat op pad terug huis toe is, veral diegene wat deur die lughawens in Sjina moet gaan.

Bid vir die kerk in Sjina: 'n Onbereikte mensegroep is 'n mensegroep onder wie daar geen inheemse gemeenskap van gelowige Christene is met voldoende getalle en hulpbronne om hulle mensegroep te evangeliseer sonder om hulp van buite (kruis-kultureel) te bekom nie. (*Operation China*, bl. 6). Bring die kerk van Sjina na die troon van genade. Hou aan vra dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, vir hulle die Gees van wysheid en openbaring van kennis sal gee sodat hulle Hom beter kan leer ken. Bid dat Hy hulle geestesoë so sal verhelder dat hulle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die Gelowiges bestem het (**Ef.1:17-18**).

Maandag 25 Augustus 2008
Vroeggeboorte kan verband hou met TIK
Personeel by die Tygerberg Hospitaal se neonatale eenheid het die afgelope ses jaar 'n "jaar-na-jaar toename" in premature geboortes gesien, wat moontlik verband kan hou met die toenemende aantal swanger vroue wat TIK gebruik. Dit is baie moeilik om teen-dwelmboodskappe oor te dra aan moeders wat TIK misbruik. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20080115071255600C495400&newslett=1&em=177813a6a20080216ah). Hou aan om te bid dat persone wat aan TIK verslaaf is, daarvan verlos sal word. Bid dat jongmense nie eers een maal met hierdie dodelik verslawende dwelm sal eksperimenteer nie. (Slegs een dosis TIK ontketen onmiddellike verslawing). Bid spesiaal vir jong meisies en vroue wat TIK-gebruikers is om die dodelike gevare te besef en dat hulle die lewe sal kies vir hulle self én hulle babas. Moet nooit ophou bid teen die aktiwiteite van dwelmnetwerke nie, ook dat dwelmbase gevang en hulle bedrywighede heeltemal gestaak sal word.

Yonzhi van Noordwes-Sjina
Meer as 3 000 lede van die Yonzhi-stam, 'n nomadiese Tibetaanse mensegroep, bly in 'n feitlik ontoeganklike gebied van die oostelike Qinghai provinsie in Noordwes-Sjina. Die Yonzhi is een van die mees onbereikbare mensegroepe in Sjina – indien nie in die hele wêreld nie. Hulle gebied is vir die grootste gedeelte van die jaar met sneeu bedek en het temperature tot minus 40°C. Die Yonzhi trek gereeld rond, en verskuif hulle huise en vee na nuwe weivelde. Hulle gemeenskappe kan slegs te voet of te perd bereik word. Dit is moontlik dat 100% van die Yonzhi nog nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 351). Neem tyd gedurende hierdie week om God te herinner aan sy beloftes vir die Yonzhi-mense, dat party van hulle selfs nog hierdie jaar vir Jesus sal leer ken. Niks is vir Hom onmoontlik nie!

Dinsdag 26 Augustus 2008
Skaap-VIGS tref honderde plase in Suid Afrika
Ovine Johne se siekte, ook bekend as "Skaap-VIGS" na aanleiding van die uittering wat dit tot gevolg het, het na honderde plase in die Wes-Kaap versprei. Die siekte is tien jaar gelede vir die eerste keer op plase in Caledon, Ceres en Mosselbaai opgemerk, maar het stadig na honderde plase versprei. *Ovine Johne se siekte (OJD)*, of paratuberkulose, is 'n chroniese en

aansteeklike siekte wat regoor die wêreld aangetref word en wat gekenmerk word deur aanhoudende diarree, gewigsverlies, verswakking en uiteindelik die dood. Dit is moeilik om die siekte op te spoor. Dit kan verliese van tot 20% van skape in hoogs besmette troppe meebring. Die *Small Stock Health Advisory Body* het daarop aangedring dat gebiede wat erg besmet is, onder kwarantyn geplaas moet word.
(Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=594&art_id=vn20080225041030310C554637). Hierdie stadig groeiende probleem hou 'n bedreiging in vir die toekoms van skaapboerdery. Vra dat 'n doeltreffende geneesmiddel binnekort gevind sal word om hierdie Skaap-VIGS heeltemal uit te wis. Ook vir 'n deurbraak deur Suid-Afrikaanse wetenskaplikes tot voordeel van die res van die wêreld. Bid dat hierdie wetenskaplikes hulle afhanklikheid van God sal ontdek en nie eer vir hulleself sal neem nie.

Broenei
Moslems in Broenei beoog om 'n "suiwer" Islamitiese staat teen 2020 tot stand te bring. Die koning is na bewering die rykste man ter wêreld. Bid dat daar bekerings na Christus in die groot koninklike familie sal plaasvind. Bid ook vir politieke vryheid in die land. Vra dat alle Broeneise Maleiers honger sal word na geestelike waarheid en vrede met God en dat hulle dit sal ontdek deur die lees van die Skrif, die luister na Christelike uitsendings, ensovoorts. Bid dat duisende en duisende Broeneise Maleiers hulle harte sal oopmaak en Jesus Christus in hulle lewens sal ontvang. (*Operation World*, bl. 126, webruimte: www.operationworld.org of e-pos: info@operationworld.org).

VROUE IN DIE BRES

Miljoene vroue regoor die wêreld ly a.g.v. verwerping en mishandeling. In sommige lande word hulle skaars as mense behandel. By 'n *MANI*-beraad (*Movement for African National Initiatives*) in 2006, het 'n aantal Christenvroue gevoel dat God hulle roep om op te staan in eendragtige gebed vir vroue regoor die wêreld. Hulle wil nie langer die afgryslike mishandeling, onderdrukking en vernedering waaronder miljoene vroue gebuk gaan, aanskou sonder om iets daaromtrent te doen nie. So het die *Hadassah Watch* tot stand gekom. *Hadassah* is die Hebreeuse naam van koningin Ester in die Bybel. Soos sy, word ons as vroue geroep om op te staan en as bidders/intersessors stelling in te neem vir ons mede-vroue.

As vroue weet ons hoe om vir ander vroue te bid
Ons weet dat ons gebede 'n verskil maak. God belowe dit. Onthou jy nog Hanna se gebede (**1 Sam.1-2**) en hoe die seun wat God vir haar in antwoord op haar gebede gegee het, 'n leier en profeet vir sy volk geword het? Die profetes Anna, wat God vir meer as 60 jaar in die tempel met gebed en vas gedien het, het die voorreg gehad om die koms van die Messias te beleef (**Luk.2:36**).

Gebedsfokus
Ons bid vir sake wat die lewens van vroue regoor die wêreld beïnvloed. Ons het drie spesifieke sake gekies, maar dit staan vroue natuurlik vry om te bid soos wat hulle voel die Heilige Gees hulle lei. Ons sal ook van tyd tot tyd op ander sake fokus.

Hoe werk dit?
Ons doen 'n beroep op Christenvroue om op hulle eie of in groepe (Bybelstudie- of gebedsgroepe) te bid.
1. Gebruik bv.15 minute elke Dinsdag-oggend om voor 13:00 te bid. (Jy bid dan saam met talle ander vroue.)
2. Bestee so 5 minute aan elk van die volgende drie sake elke keer wanneer jy bid:

a) **Huwelike/gesinne**
- Bid vir kwessies in jou eie huwelik of dié van 'n familielid of vriendin.
- Bid vir sake rakende jou kinders of dié van 'n familielid of vriendin.
- Bid vir die behoeftes wat jy self, jou man, jou kinders, 'n familielid of vriendin tans het.

b) **Redding van familielede en die ongereddes**
- Bid dat hulle oë sal oopgaan om hulle behoefte aan Christus in te sien.
- Bid dat hulle honger sal word vir God en Sy woord en derhalwe sal begin om kerk toe te gaan.
- Bid dat hulle geestelik sal begin groei en van God se goedheid in hulle lewens sal kan begin getuig.

c) **Regerings/owerhede – sake van die dag**
- Bid God se wil en begeerte oor die hoofnuusberigte van die dag.

- Bid vir die President en regeringsamptenare; dat die wat God nie ken nie, gered sal word en Sy stem sal hoor.
- Bid vir die polisie en veiligheidsdienste, dat hulle suksesvol sal wees in hulle werk.
- Bid dat misdadigers gearresteer sal word, ook dat hulle hulle misdadige praktyke sal staak en hulle lewens aan God sal oorgee.

3. Moedig soveel moontlik vroue rondom jou aan om op hierdie manier saam te bid.
4. Teken in by info@hadassahwatch.org om gereeld die jongste gebedsinligting oor sake van die dag te ontvang. Versprei dan hierdie inligting. Dit is 'n waardevolle beginpunt vir nuwe groepe.

Woensdag 27 Augustus 2008

Aborsiekwessie

Meer as 700 000 Suid-Afrikaanse babas is wettig geaborteer sedert aborsie in Februarie 1997 gewettig is. Vra dat mediese personeel sal weier om deel te neem aan die uitvoer van aborsies. Bid ook vir moeders met krisisswangerskappe, dat hulle hulp sal kry en liefdevolle opsies, soos aanneming, sal kies. Vra dat lewens gespaar sal word. Bid dat joernaliste ook sal begin om die "ander kant" van die storie te publiseer. Bid dat baie meer leraars openlik God se wil oor hierdie kwessie sal begin verkondig. Vra dat die Heilige Gees elkeen wat aborsie oorweeg, sal oortuig om dit nie te doen nie. (*Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Pakistan

Pakistan neem tans die tiende plek in van lande wat Christene vervolg. Die land het twee belangrike stelle wetgewing as deel van die Islamitisering van Pakistan aanvaar wat diskriminasie teen Christene sal laat voortduur. Die eerste is die *Lasterwet*, wat enige iets wat gesê of gedoen word en as 'n belediging vir die Islamitiese geloof beskou word, 'n kriminele oortreding maak. Hierdie wet word dikwels deur Moslems misbruik om persoonlike griewe te probeer oplos. Die ander stel wette is die *Hudood Ordonnansies*, wat vroue wat verkrag is, skuldig verklaar aan owerspel as hulle nie vier manlike Moslems as getuies van die verkragting kan kry nie. Die *Hudood Ordonnansies* maak Christenvroue 'n teiken vir Moslems om hulle te dwing om hulle tot Islam te bekeer. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Bid asseblief vir vervolgde Christene in Pakistan, veral vir diegene wat ly of gely het as gevolg van hierdie twee wette. Bid dat hulle getrou sal bly om oor Jesus Christus te getuig en dat hulle God se liefde te midde van moeilike omstandighede sal bly ervaar.

Donderdag 28 Augustus 2008

Meer fondse beskikbaar vir polisie en gevangenisse

Die regering het meer as R10 miljard oor die volgende drie jaar opsy gesit vir onder meer die vermeerdering van die aantal polisielede tot meer as 200 000 teen 2010-11. Verdere toewysings van R250 miljoen sal help met die opgradering van toerusting in die polisie se forensiese laboratoriums met die oog op die wetenskaplike ontleding van bewysstukke in strafsake. Nog veertig polisiestasies gaan gebou word en 18 000 bykomende plekke in gevangenisse word beplan. Daar word ook voorsiening gemaak vir 50 nuwe regters, 170 landdroste en 171 aanklaers deur 'n bykomende toewysing van R410 miljoen. (Webruimte: http://business.iafrica.com/budget_2008_2009/budget_news/943822.htm). Dank die Here vir hierdie toekennings. Bid asseblief dat elke rand eerlik en sinvol aangewend sal word, dat God elke persoon vir elke pos met die hand sal uitkies en dat reg en geregtigheid weer toegepas sal word vanuit wetskringe.

But Monpa van Noordoos-Indië

Die 1991-sensus in Indië het 675 lede van die But Monpa stam aangedui. Byna alle But Monpa woon in die dorpies Jeriagaon, Sellary, Khoitum, Ralung en Khoina in die Nafrasirkel van die Wes-Kameng-distrik van Arunachal Pradesh, Noordoos-Indië. Daar is sover bekend geen Christene onder die But Monpa-stam nie en minder as 20 onder die Monpa-groepe in die res van Indië. Hulle is een van die mees onbereikbare en behoeftigste Boeddhiste-groepe. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 186). Dank die Here vir hierdie enkele Christene. Vra dat hulle 'n nuwe openbaring van die Here Jesus Christus sal hê en dat God hulle harte sal aanraak sodat hulle saam sal begin bid en getuienis sal begin lewer aan hulle eie stam. Vra ook dat dele van die Skrif binnekort in hulle taal vertaal sal kan word.

Vrydag 29 Augustus 2008

Bediening aan kinders is besig om te groei

Turn the tide 4 children (ttt4c) is nou in sy vyfde jaar en ondersteun 21 projekte regoor die land deur middel van 'n kinderborgskapprogram. Die *SEED Strategy* is die afgelope jaar begin met 'n droom om 100 000 weerlose kinders deur plaaslike kerke gehelp te kry. Dankie dat jy deel is van dit wat God by *Turn the tide 4 children* doen. (Die *ttt4c*-span, webruimte: www.ttt4c.org, e-pos: info@ttt4c.org). Dank God vir Sy guns oor 'n bediening wat kinders se lewens wil verbeter. Bid dat daar in al hulle behoeftes voorsien sal word en dat baie meer kinders bereik sal word, nie net met fisiese hulp nie, maar ook met die boodskap van Jesus Christus.

World Bible Translation Center (WBTC) Indië

Die Bybels wat gedurende Mei 2007 in Orissa versprei is, het tot op hede duisende lewens aangeraak. Die getal Gelowiges het oor die afgelope maande beduidend toegeneem. 'n Senior leier van 'n Hindoe-organisasie het openlik op NDTV, 'n toonaangewende nuuskanaal in Indië, erken dat die Christen-bevolking in Orissa van 2,10% tot 5,5% gestyg het. Loof God, want sy Woord is besig om vrug te dra! (*World Bible Translation Center.* Webruimte: www.wbtc.com, e-pos: tom@wbtc.org). Hou aan om vir nuwe Gelowiges te bid vir geestelike groei en dank die Here wat die gebede verhoor wat ons elke dag bid.

Saterdag 30 Augustus 2008

Every Home for Christ SA (EHCSA)

EHCSA het ten doel om teen die jaar 2020 elke huis in die land te bereik. Dit sal gedoen word deur strategiese alliansies te vorm met mense wat verbind is tot die Groot Opdrag (**Mk.16:15**). Evangelisasie sal plaasvind deur middel van uitreikspanne wat opgelei is om stelselmatig van huis tot huis te gaan en die evangelieboodskap in geskrewe vorm by elke huishouding te laat. Bid asseblief vir gemeentes, uitreikspanne en individue om deel te neem aan die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus aan elke persoon in Suid-Afrika. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion, 0046. Tel.: 012 663 4587, faks: 012 663 4589; webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Die Beninsender is op die lug

Transwêreldradio se eerste direkte uitsendings het vanuit hulle nuwe stasie Benin in Februarie vanjaar begin. Onlangse toetsuitsendings van die 100 kW mediumgolf (AM) fasiliteit het reaksie uitgelok van so ver as Abidjan, Côte d'Ivoire en selfs Portugal – 3 200 km ver – dit het die ingenieurs se verwagtinge oortref! Uitsendings kan op 1566 kHz in 14 tale gehoor word. Die moedertaalprogramme word, waar moontlik, in die land van die luisteraar vervaardig. Baie maande, selfs jare, se voorbereiding het nou programme vol luistergenot en uitdagings tot gevolg. (bv: die vertel van Bybelverhale, Bybelstudies, musiek, ensovoorts.) Prys God vir sy getrouheid! Bid vir die luisteraars van Wes-Afrika, dat die woorde en musiek 'n impak op die lewens van die luisteraars sal hê en dit vir altyd sal verander. Vra ook dat die vervaardigers sensitief sal wees vir God se leiding wanneer hulle die programme voorberei. (*Transwêreldradio-Afrika*, Posbus 4232, Kemptonpark, 1620. Tel.: 011 974 2885, faks: 011 974 9960, sel: 072 641 4475. Webruimte: http://www.twrafrica.org/0127.asp of e-pos: ddupreez@twr.org.za).

Sondag 31 Augustus 2008

Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag vir jou kan gebeur

Handelinge 28: Sy krag sal jou getuienis teenoor die ongereddes wees

Paulus het skipbreuk gely aan die kus van Malta en al die passasiers het die land veilig bereik. Maar terwyl hulle besig was om 'n vuur aan te pak, het 'n adder uit die hitte gekom en Paulus aan die hand beetgekry (**Hand.28:4**). Die eilandbewoners was seker dat hy sou doodgaan. Maar in plaas van om te skree: "Ek is besig om te sterf! Help my!" het hy bloot die slang afgeskud en niks oorgekom nie. Die eilandbewoners het gedink hy gaan onmiddellik sterf. Toe hulle na 'n rukkie besef hy gaan dit oorleef, "*het hulle van mening verander en gesê hy is 'n god*" (**v.6**). Hoeveel van ons kan van 'n soortgelyke voorval getuig? Is ons so volkome met die Gees van God en Sy teenwoordigheid gevul dat nie eers 'n slangbyt ons sal doodmaak nie? Daar word 'n besondere storie vertel van 'n man van God gedurende die uitbreek van die *Swart Dood* in die 1900s: 'n Eksperiment is gedoen en 'n monster van die virus op 'n druppel van sy bloed gedrup. Gewoonlik sou die virus dadelik begin veg en eindelik die oorhand kry, maar in hierdie geval het die virus gekwyn en dood gegaan! Dit is 'n praktiese voorbeeld van die krag van God se Gees wat in ons lewens 'n werklikheid kan wees. Die kerk het 'n desperate behoefte aan manne en vroue wat in die krag van die Heilige Gees met tekens en wonders kan wandel sonder enige fanfare of selfverheffing, mense wat God dien, op wie se lewe die Gees van God rus en wie se lewens gekenmerk word deur tekens en wonders wat die

ongereddes sal laat omdraai om in God te glo. Daardie persoon kan ek en jy wees, gewone mense wat aan Gód alleen die eer gee.

Vader, ek kom staan nederig voor U en bely die verkeerde motiewe in my hart wanneer dit kom by tekens en wonderwerke. Ek wil eintlik hê dat hulle deur my moet plaasvind sodat ander kan dink ek is spesiaal. Ek vra vandag dat U my sal verlos van so 'n valse hart en my vervul met U Heilige Gees en 'n bereidwilligheid om onder alle omstandighede eer aan U te bring, ten spyte van wat mense mag sê.

Maandag 1 September 2008

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1 – 30 September 2008

Dag 1: Moslemvrouens se leë drome

In Tadjikistan is die gemiddelde jaarlikse inkomste in die omgewing van 250 Euro per persoon. Baie mans trou met meer as een vrou. Daar is slegs sewe miljoen mense in Tadjikistan van wie een miljoen in Rusland werk. Vroue en kinders is in die meerderheid. Die vroue bly in die dorpies te midde van spanning tussen ou tradisies, ateïsme en 'n nuwe vlaag van radikale Islam. Daar is min Christene in Tadjikistan. Nuwe wette is ingestel wat die regte van klein godsdienstige groepe beperk, m.a.w. ook die regte van Christene; en sodoende fundamentele Islam bevorder.

- Bid vir toenemend gesonde en Bybel-georiënteerde gesinne onder die volgelinge van Jesus in hierdie nasie.
- Bid dat die vele Tadjikse mans in die buurlande met die Goeie Nuus bereik sal word.
- Bid dat Gelowiges in Tadjikistan meer en meer hulle eie aanbiddingstyl in hulle eie taal sal ontwikkel.

Dinsdag 2 September 2008

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1 – 30 September 2008

Dag 2: Saoedi-Arabiese stamme: Die Sjahran

Die Sjahran-stam het ongeveer 250 000 lede en is een van die grootste stamme in Arabië. Die leierskap van die Sjahran-stam het vir 'n paar honderd jaar aan die Huis van Mushayt behoort en die stam se hoofstad is Khamis Mushayt. Khamis Mushayt is die agtste grootste stad in Saoedi-Arabië met 'n bevolking van ongeveer 630 000. In 632 v.C. het Surad Ibn Abd Allah Al-Azadi 'n afvaardiging van mense van die 'Asir-streek gelei om hulle toewyding aan Mohammed en Islam te verklaar. Mohammed het vir Surad heerser van die Moslems in 'Asir gemaak, en hom aangespoor om die Islamitiese geloof te versprei en die 'afgodsdienaars' te beveg. Surad het na die 'Asir-streek teruggekeer en dit vir Islam oorwin. Daar is op die oomblik weinig, indien enige, volgelinge van Jesus in hierdie stam.

- Bid vir geleenthede vir sommige van die Sjahran om die evangelie op hulle buitelandse reise te hoor, asook deur die radio, Internet en moontlik ook satelliet-uitsendings.
- Die grootste gedeelte van hierdie stam is tot 'n groot mate afgesny van enige noemenswaardige toegang tot die evangelie. Dit is onwettig om die evangelie in Saoedi-Arabië te verkondig. Baie Christen-Internetwebruimtes word geblokkeer en baie min volgelinge van Jesus reis ooit na of gaan vestig hulle in Khamis Mushayt en die omgewing.
- Bid gerus deur die hele lys name hieronder. Jy is waarskynlik een van die eerste mense op aarde wat vir hierdie familiestamme van die Shahran-stam in Jesus se Naam sal bid (**Op.7:9**). Die Sjahran-stam vertak in die volgende familiestamme: Al-Rshaid (آل رشيد), AlKoad (آلكود), Nahess (قبائل ناهس), AbalGhmer (آل الغمر), Banou Manbah (بنو منبه), Banou Waheb (بنو وهب), Banou Bejaad (بنو بجاد), Banou Majoor (بنو ماجور), Banou Selool (بنو سلول), Al Zelal (الزلال), Al'Hejaj (الحجاج), Al Garaeen (القراعين), Banou Qouhafah (بنو قحافة), Al-Sarhan (آل سرحان), Banou Rash'hah (بنو رشحة), ARemtheen (الرمثين), Al-alSerh (آل السرح), AlMettair (آل مطير), AlalSafq (آل الصفق), AlNa'man (آل النعمان), Al Jehrah (الجهرة), Ahel AlHaqou (أهل الحقو), Ahel AlSha'af (أهل الشعف), Al Yanfa' (آل ينفع), Banou Malek (بنو مالك).

Woensdag 3 September 2008

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1– 30 September 2008

Dag 3: Die Bakhtiari-groep van Iran

Die kleurryke Bakhtiari-groep in die suidweste van Iran se getalle wissel tussen 750 000 en 1 000 000. Die Bakhtiari is in stamme, sub-stamme en familiestamme verdeel. Ongeveer die helfte van die bevolking behou hulle tradisionele leefstyl van skape oppas vir die mans en matte weef en tuisteskepping vir die vroue. Die res is gevestig en betrokke by landbou en 'n verskeidenheid kommersiële aktiwiteite. Die Bakhtiari-taal word vir geslagte lank al tuis gepraat en in die handel gebruik, maar baie Bakhtiari praat ook Persies. Daar is ongeveer 350 000 eentalige Bakhtiari-sprekendes. Die meerderheid van die Bakhtiari is Moslems. Daar is 'n paar klein selkerke en net hier en daar Gelowiges in die streek. Aanvoorwerk vir die vertaling van die Bybel in die Bakhtiari se taal het reeds in die Verenigde Koninkryk begin.

- Bid dat God die harte van die Bakhtiari teenoor die volgelinge van Jesus sal versag sodat hulle ontvanklik sal word vir die evangelie.
- Bid dat mense as intersessors vir die Bakhtiari geroep sal word.
- Bid vir die ontwikkeling van geskikte bedieningsmateriaal en hulpmiddels in die Bakhtiari-taal, insluitend Bybelvertalings, radio-uitsendings en die *JESUS-Film*.
- Bid dat Bakhtiari-sprekendes wat reeds Gelowiges is, sterk bedieningsvaardighede sal ontwikkel en effektief sal word in hulle uitreiking na hulle eie mense.

Donderdag 4 September 2008

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1 – 30 September 2008

Dag 4: Spanje – Historiese Islam in 21ste-eeuse omstandighede

Groot dele van Spanje was vir bykans sewehonderd jaar onder Islamitiese beheer. Spanje het ongeveer 800 000 Moslems, van wie die meeste onlangse Marokkaanse immigrante is. Een van die grootste moskees in Europa, wat met finansiële hulp van Saoedi-Arabië gebou is, is in Madrid geleë. Alhoewel die Moslem Noord-Afrikane nou 'n belangrike minderheid in Spanje geword het, probeer min Spaanse Christene om Christus aktief aan hulle te verkondig. Dit is ook verrassend waar omtrent die twee Spaanse distrikte Ceuta en Melilla, wat aan die noordelike Marokkaanse kus geleë is. Byna die helfte van die bevolking in hierdie stede is Moslems.

- Daar is betreklik min toegewyde Spaanse Gelowiges; daar is egter toenemend geleenthede vir hulle om na die Moslems wat in Spanje woon, uit te reik. Bid vir groter wysheid, geesdrif en mobilisering van Spaanse Christene vir 'n bediening onder Moslems.
- Bid vir die verspreiding van geestelike literatuur en DVD's in gebiede waar daar Moslems is.
- Bid vir Noord-Afrikaanse jongmense wat aan Spaanse Bybelskole kom studeer.
- Bid vir die radio- en TV-programme wat vir Noord-Afrika in Spanje vervaardig word.

Omtrent Moslemvroue se kleredrag: Tradisioneel het Moslem-gemeenskappe hulle vroue aangemoedig om behoorlik bedek te wees, dikwels van kop tot tone. Daar was voorheen praktiese en fisiese redes vir sodanige kleredrag in 'n woestynagtige omgewing. Nou is die hoofrede vir sulke drag 'n Islamitiese perspektief wat seksuele versoeking onder mans wil beperk. Die relatiewe morele swakheid van mans op seksuele gebied word ook aangevoer as rede vir die isolasie van vroue in hulle huise en die nodigheid dat hulle in die openbaar deur iemand anders vergesel moet word.

Vrydag 5 September 2008

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1 – 30 September 2008

Dag 5: Die uitdaging: Wen die Bugis van Indonesië

Indonesië bestaan uit 17 508 eilande, met 'n geskatte bevolking van 234 694 000. Dit het die grootste Moslem-bevolking ter wêreld: 86,1% Moslem, Protestante 5,7%, Rooms-Katoliek 3%, Hindoe 1,8%, ander 3,4%. Die Bugis in Indonesië (oor die 3,5 miljoen) bly op die suidwestelike skiereiland van die Sulawesi-eiland. Islam vorm deel van sowel hulle etniese as hulle godsdienstige identiteit. Hulle het die reputasie dat hulle fanatiese Moslems is met 'n geskiedenis van gewelddadige vervolging van Christelike minderhede. Hulle is ook betrokke by animistiese spirituele praktyke, soos om mag te soek by die geeste van die dooies ensovoorts. Die Bugis-bevolking bied 'n groot uitdaging vir diegene wat met die evangelie van Jesus die Messias (Isa Al-Masih) na hulle wil uitreik. Die paar sendingwerkers onder die Bugis het dikwels jare lank gewerk om een bekeerling te werf, of dalk net 'n handjievol.

- Bid dat ten minste 1 000 Bugis hierdie jaar vir die Here gewen sal word.
- Bid dat die hindernisse van Islam en okkultiese praktyke onder die Bugis oorwin sal word.
- Bid dat die evangelie kragtig sal versprei en dat Jesus onder die Bugis-bevolking verheerlik sal word.
- Bid vir meer Indonesiese werkers met groot opofferende geloof God se koninkryk sal help bou. Bid dat finansiële aangeleenthede nie hulle aandag van hulle bediening sal aflei nie.